Laerskool Danie Malan

Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 2 – JANUARIE 2018

Geagte ouers

Baie geluk aan David Kgage wat Saterdag 27 Januarie verjaar.

DATUMS VIR KWARTAAL 1 VAN 2018:

23 Januarie	18:00 Gr 5 Inligtingsaand
24 Januarie	18:00 Gr 6 Inligtingsaand
25 Januarie	Graad 1 en hoofleier foto's Atletiekbyeenkoms by skool
26 Januarie	Graad R foto's
29 Januarie	18:00 Gr 7 Inligtingsaand Waatlemoenfees in skooltyd. R10 per leerder. Leerders dra gewone klere. Sub-Cluster (Gerrit Maritz – Wyksbyeenkoms): diskus en gewigstoot
30 Januarie	Sub-Cluster: Gerrit Maritz H/S in skooltyd Gr 4 - 7. GR 4 - 4 toeskouers dra **VRYDAGDRAG. 'n Danie Malan pet mag ook gedra word.** Graad R - 3 gewone skooldag met gewone skooldrag.
1 Februarie	**18:30 GRETHA WIID IN SAAL OM MET DIE OUERS TE PRAAT. GRATIS.**
2 Februarie	Gr 4 - 7 leerders in die saal. Spreker Gretha Wiid. Skryf asb. 'n brief indien u nie wil hê dat u kind dit moet bywoon nie.
2 Februarie	Leerstof uit aan leerders 13:00 Leierraakvat
5 Februarie	18:30 Interne Redenaars (Gr 1 - 3)
6 Februarie	18:30 Interne Redenaars (Gr 4 + 5) Elevate: Studiekursus vir Gr 4 leerders in skooltyd
7 Februarie	18:30 Interne Redenaars (Gr 6 + 7)
8 Februarie	Atletiek Cluster by Danie Malan
9 Februarie	Atletiek Cluster by Danie Malan
13 Februarie	**18:30 Internal Public Speaking (Gr 1 - 7)**
14 Februarie	VALENTYNSDAG – leerders dra wit of rooi
15 Februarie	**Toetsreeks begin:** **Toets: Engels Gr 4 – 7**
16 Februarie	Graad 7 Sokkie Atletiek: Distrikbyeenkoms by Danie Malan
20 Februarie	**Toets: Afrikaans Gr 4 – 7**
21 Februarie	Foto's: Klas en individuele 18:00: Rugby Algemene Jaarvergadering in saal
22 Februarie	**Toets: NW/TEG (Gr 4 – 6) + NW (Gr 7)**
23 Februarie	**Hoof se verjaarsdag en Wollies-dag. Piekniek hou en donasies vir Wollies.** Leierraakvat
26 Februarie	14:10: Rugby + Netbaloefening begin
27 Februarie	**Toets: Tegnologie (Gr 7)**
1 Maart	**Toets: Geografie** BL verkiesing 18:00
2 Maart	Atletiek: Provinsiale byeenkoms
6 Maart	**Toets: EBW (Gr 7)**
8 Maart	**Toets: Geskiedenis (Gr 4 - 7)** Rugby + Netbal teen Brits (tuis)
9 Maart	Rugby prestige byeenkoms: 0/9 + 0/10 by Rooihuiskraal Rugby: Loftusdag: 0/11
10 Maart	Rugby: Loftusdag: 0/11
13 Maart	**Toets: Wiskunde (Gr 4 – 7)**
15 Maart	BL verkiesing 2 indien eerste verkiesing nie plaasgevind het
17 Maart	Rugby: 1 ste span by Midstream Atletiek: SA kampioenskap GR R Opedag
20 Maart	Netbal: Curro Roodeplaat (tuis)

	JOHAN DUURSEMA AANDREEKS
21 Maart	MENSEREGTEDAG
23 Maart	Groot FM en Kaskar
26 Maart	Rugbytoer: 1ste span Graad R - 3 ontvang Rapporte
27 Maart	Rugbytoer: 1ste span 17:30 – 19:00 GF Oueraand
28 Maart	**SKOOL SLUIT** **MARKDAG GR 5** Rugbytoer: 1ste span
29 Maart	Rugby: O/9 + O/10 by Menlopark
30 Maart	Rugby: O/9 + O/10 by Menlopark
31 Maart	Rugby: O/9 + O/10 by Menlopark

REKORD UITSLAE ATLETIEK – 19 JANUARIE 2018:

Baie geluk aan die volgende leerders wat puik presteer het en rekords gebreek het by die Interhuis:

Kaylen Niemann	1200m	Dogters O/10	4:26.13
Divan du Preez	Gewigstoot	Seuns O/10	08.00 m
Christiaan Voster	Gewigstoot	Seuns O/10	07.72 m
MC Swanepoel	Gewigstoot	Seuns O/10	07.19 m
Charl Els	Gewigstoot	Seuns O/10	07.14 m
Monre Koekemoer	Gewigstoot	Seuns O/10	06.91 m
Kyle Engelbrecht	100m	Seuns O/13	13.00
Kyle Engelbrecht	Hoogspring	Seuns O/13	1.58 m
Sam Schoeman	Hekkies	Seuns O/11	12.38
Henro Schoeman	Hekkies	Seuns O/11	12.66
Henro Schoeman	Gewigstoot	Seuns O/11	09.54 m
Yedidya Bangue Bangue Elombo	150m	Dogters O/12	22.06
Yedidya Bangue Bangue Elombo	Gewigstoot	Dogters O/12	10.59 m

ATLETIEK OEFENTYE:

Die program sal dieselfde wees op Maandae, Dinsdae en Donderdae:

06:15 – 07:00	Naellope & Hekkies	10 – 13 jaar
14:15 – 14:45	Verspring Hoogspring	10 & 11 jaar 12 & 13 jaar
14:45 – 15:15	Hoogspring Verspring	10 & 11 jaar 12 & 13 jaar
14:15 – 14:45	Gewigstoot	10 & 11 jaar
14:45 – 15:15	Gewigstoot	12 & 13 jaar
15:15 – 16:00	Spiesgooi en diskus	12 & 13 jaar
Aktiwiteitsperiode	Aflos	8 – 13 jaar

INDIEN `n ATLEET NIE OEFENINGE BYWOON NIE, OF BEWYS GELEWER HET DAT HUL BY ’n ANDER AFRIGTER OEFEN NIE, MAG HUL NIE DEELNEEM AAN BYEENKOMSTE NIE.

SUB-CLUSTER (Wyk) - 30 JANUARIE 2018: TOESKOUERS:

Die Wyksbyeenkoms vind plaas op die 30ste Januarie te Hoërskool Gerrit Maritz. Slegs 300 leerders mag die atlete vergesel dus is daar beperkte spasie. Die eerste 300 leerders wat hul R30.00 betaal sal en mag saam gaan. Die R30.00 sluit in: busgeld en wit handskoene, wat leerders mag hou. Die res van die leerlinge bly by die skool en daar sal toesig vir die leerders gereël word.

Die Gr 1 - 3 wat nie atlete is nie, gaan 30 Januarie 2018 nie saam na die Wyksbyeenkoms nie. Die Graad 1 - 3 leerlinge gaan normaalweg na die skool kom in hul skooldrag, met hul skooltasse. Die Graad 4 - 7 leerlinge wat nie atlete is nie, moet nie later as 07:25 by die skool wees, netjies geklee in hul **VRYDAGDRAG**. Ons sal met busse vanaf die skool vertrek na Hoërskool Gerrit Maritz en weer om 14:00 terug wees by die skool. Voltooi asseblief die afskeurstrokie, aangesien leerlinge slegs op die bus toegelaat sal word, indien hul ’n toestemmingsbrief het. Geen tasse is nodig vir toeskouers nie. Leerlinge kan wel ’n klein sak saamneem, om hul beursies, en of kosblikke in te bêre. Daar sal ’n R5 hektoegang gevra word vir volwassenes, en sluit ’n program in. INDIEN DIT REëN SKUIF DIE WYKSBYEENKOMS. ONS SAL U PER SMS LAAT WEET INDIEN NODIG.

GEES VANG - WAATLEMOENFEES:

Ons gaan Maandag, 29 Januarie gees vang voor die Wyksbyeenkoms. Ons gaan aan die einde van die dag na tweede pouse na die pawiljoene beweeg. Daar gaan ons die atlete vir die Wyk aan die skool bekend stel. Die sangers gaan dan ons kreet vir hulle sing. Daarna gaan daar ’n waatlemoen-fees wees. Ons gaan die leerlinge die geleentheid bied om gewone klere aan te trek teen R10 en dit sluit ’n stuk waatlemoen in.

Slegs Graad 4 - 7 leerlinge wie se ouers toestemming verleen, mag egter aan die waatlemoen-smeer-fees deelneem. Ons Graad R - 3 leerlinge gaan wel waatlemoen kry om te eet, maar hul gaan nie aan die smeer-fees deelneem nie. Elke leerder wat toestemming het, ontvang ’n stuk waatlemoen waarmee hulle enigeen op die atletiekbaan mag smeer. Indien u nie u kind aan die fees wil laat deelneem nie, moet u egter steeds R5 betaal as

u kind gewone klere wil aantrek. Indien ’n leerling ’n ekstra stuk waatlemoen wil hê, kan hul dit teen R5 ’n stuk koop op die rugbyveld. Belangrik: Die ekstra stukke waatlemoen kan nie vooraf gekoop word nie. Die gelde gaan gebruik word om waatlemoene aan te koop, en die wins gaan na die Graad 7 fonds. Die skool kom normaalweg om 14:00 uit vir graad 4 - 7 en 13:30 vir Graad 1 - 3. **Geen kind sal nie deelneem omdat u nie geld het om te betaal nie. Skryf asb. ’n brief aan die hoof en stuur skool toe. Ons sal die nodige reëlings tref dat u kind kan deelneem. Dit geld vir alle fondsinsamelings by die skool. Ouers wat dit kan bekostig kan ’n donasie aan ons behoeftige fonds maak.**

GRETHA WIID:

Ons reël elke jaar ’n spreker om ons ouers by te staan met hul opvoedingstaak. Ons het op 1 Februarie vir Gretha Wiid gereël om met u te kom praat. Ons sal dit waardeer indien elke ouer die aand kan bywoon. Dit is gratis. Geen kinders word by die aand se geleentheid toegelaat nie. Gretha Wiid gaan ook op 2 Februarie met ons leerders praat oor die gevare van waaraan kinders deesdae blootgestel word. Skryf asb. ’n brief indien u nie wil hê dat u kind dit moet bywoon nie.

Die 5 grootste slaggate in jou kind se grootword

- Die 10 belangrikste dinge wat jy van jou kind moet weet
- Pêlle, partytjies en groepsdruk – ken jy die waarheid?
- Tienerseksualiteit – die ABC van tienerlywe en al die vrae
- Tienerdissipline – oorleef die tienerstadium

TOEGANGSBEHEER:

Die hekke om die skool gaan om 14:30 gesluit word en slegs die sport hek sal oop wees. Daar is toegangs-kaartjies beskikbaar dan hoef u nie elke keer in te teken nie. Ons doen dit in die belang van die veiligheid van ons leerders. Ons glo u sal begrip hê daarvoor.

MEDIESE VRAELYS:

Aangeheg vind asseblief ’n Mediese vraelys wat asseblief voltooi en teruggestuur moet word skool toe. Hierdie vorms word op lêer gehou en gebruik wanneer u kinders op uitstappies gaan. U sal egter weer voor ’n uitstappie toestemming moet verleen. Ons vra asseblief dat u seker sal maak dat hierdie vorm spoedig voltooi word en dringend teruggestuur word na u kind se voogonderwyser.

GEEN OUER TUSSEN KLASSE VAN 07:20 – 14:00:

Neem asseblief kennis dat geen ouer tussen die klasse mag wees tussen 07:20 en 14:00 nie. Dit is baie steurend vir die onderwysers en skep ‘n veiligheidsrisiko. Indien u tussen die klasse is gedurende 07:20 – 14:00 sal u gevra word om die terrein te verlaat. U samewerking in die verband sal waardeer word.

BELONING – VRYDAE 13:00:

Op Vrydag, 26 Januarie 2018 verdaag die Gr 1 - 7 leerders om 13:00, omdat die terrein netjies was. Die Graad 4’s help die week met die ekstra opruiming.

SPELTERAPEUTE:

Ons skool het twee voltydse Spelterapeute by die skool. Hul kan kinders help met skeidingsangs, trauma berading, depressie ensovoorts. U het ’n toestemmingsbrief ontvang wat u asseblief moet voltooi en terugstuur na die skool. Indien u kind van hul dienste wil gebruik maak, dan het ons reeds vooraf goedkeuring.

OU SKOOLDRAG SKENK:

Onthou asseblief om ou skooldrag wat nog in ‘n goeie toestand is aan die klerebank te skenk. Ons benodig veral Atletiekdrag en Vrydagdrag hempies en broekies.

VALENTYNSDAG:

Dinsdag, 14 Februarie mag die leerlinge enige rooi, pienk of wit betaamlike klere aantrek. Daar is geen koste daaraan verbonde. Die leerlinge bring steeds hul tasse en dit gaan ’n normale skooldag wees. Skoolreëls geld vir hare en juwele.

BEHOEFTIGE FONDS:

Baie dankie vir elke ouer wat donasies maak vir ons behoeftige fonds. Die R5 wat u elke einde van die kwartaal stuur, as die leerlinge gewone klere mag aantrek, het ons deur die jaar vir die volgende gebruik:

- Uitstappies en toere vir behoeftige leerders.
- Klere vir behoeftige leerders, indien daar nie in die klerebank is nie.
- Ontbytpap is in die oggende vir die leerders gegee.

Dankie vir u warm harte en oop hande!

BROODJIEPROJEK / LEERDERS 2018:
Ons rig ’n spesiale versoek aan ouers wat kan help met broodjies vir die behoeftige leerders. Ouers kry een keer per maand ’n geleentheid om te help met broodjies vir die behoeftige leerders. U kan Altje Conradie kontak by 082 372 7093 indien u ons van hulp kan wees vir 2018.

RIG ASB. SKRIFTELIK ’n VERSOEK EN HANDIG IN BY DIE KLASVOOG INDIEN U WIL Hê DAT U KIND ’n BROODJIE BY DIE SKOOL MOET ONTVANG. Neem egter kennis dat dit slegs vir behoeftige leerders is en nie kinders wie se ouers nie lus het om broodjies te maak nie.

REGISTER EN AKADEMIESE KLASSE GRAAD 4 - 7:
U is reeds in kennis gestel in watter voogklas u kind in 2018 is. Dit is u kind se akademiese klas. U kind gaan al sy of haar periodes saam met die klas ontvang. Ons het gemengde registerklasse m.a.w. Engelse leerders en Afrikaanse leerders is in een klas gedurende registerperiode. Die doel is om die Engelse en Afrikaanse leerders geleentheid te bied om mekaar te leer ken, en om ’n beter samehorigheid tussen die leerders te bewerkstellig. Ons wil ook graag twee van ons waardes, ***‘OMGEE’*** en ***‘RESPEK’*** vir mekaar, by ons leerders kweek.

“TRANSFORMING KIDS” – GEWYDE SANG PERIODES – DONDERDAE:
Daar sal een keer per week Gewyde Sang periodes wees op Donderdae. Transforming Kids bied dit aan. Hul gaan saam met die leerders lofprysing doen en ook weekliks ’n Christelike boodskap bring. Indien u nie wil hê dat u kind deel moet wees hiervan nie, dan moet u asseblief die voogonderwyser skriftelik in kennis stel. Daar sal dan toesig gereël word vir die kinders.

LAATKOMMERS:
Neem asseblief kennis dat u kind by die kantoor moet aanmeld indien hy of sy laat is. Die bywoningsregister word in registerperiode geneem en leerders wat laat is sal afwesig gemerk word. Neem asseblief kennis dat die leerders ‘n debiet vir laat kom ontvang tensy ‘n ouer die spesifieke omstandighede daaroor kan verduidelik.

ONNODIGE UITTEKEN VAN LEERDERS:
Ons wil vra dat leerders asseblief nie onnodig uitgeteken sal word deur hul ouers by die kantoor nie. Op Vrydae word leerders uitgeteken om 12:50 en die skool verdaag om 13:00. Dit is steurend en die leerders verloor ook werk. Ons versoek ouers om asseblief te poog om doktersafsprake waar moontlik te maak vir na skoolure of dan in vakansietye. U samewerking in die verband sal hoog op prys gestel word.

ONBEKENDE DEPOSITO’S:
Die volgende elektroniese betalings ontvang, se verwysingsnommers is foutief en kan nie na die korrekte skoolrekening geallokeer word nie.

Datum	Verwysing gebruik	Bedrag
2017-10-31	Onbekend – 34079	R800.00
2017-12-29	Onbekend – 34079	R800.00
2018-01-08	TALJAARD	R1 600.00
2018-01-08	Onbekende Deposito	R1 000.00
2018-01-15	ENSLIN REG 2018	R800.00
2018-01-15	ENSLIN REG 2018	R800.00
2018-01-15	SHALE	R900.00
2018-01-15	BIDVESTCRS*2512 3788	R2 400.00
2018-01-16	Onbekende Deposito	R790.00
2018-01-17	Onbekende Deposito	R800.00
2018-01-18	33833	R700.00
2018-01-18	Onbekende Deposito	R8 700.00

Kontak asb. finansies om regstellings aan te bring.
Neem asseblief kennis: U moet u familiekode as verwysing gebruik. Indien u vir skoolfonds en naskool saam betaal, moet u saam met die familiekode ’n SK vir skoolgeld en NA vir naskool byvoeg. Indien u vir iets anders betaal behalwe skoolgeld moet u die familiekode en ’n addisionele verwysing soos Behoeftige fonds byvoeg.

LANDLOOPOEFENING:
Daar is elke Maandag tot Vrydag gratis landloopoefening by Hoërskool Gerrit Maritz van 16:50 – 18:00. Skakel asb. die afrigter, Wessel du Toit by 079 544 1398 vir meer inligting.

NASKOOL:
Kontak vir Joeanne Tintinger by 081 562 9907 vir meer inligting.

MAKRO- EN MY SCHOOL KAART:
ONTHOU OM SEKER TE MAAK DAT U MAKRO KAART AAN LAERSKOOL DANIE MALAN GEKOPPEL IS AS U INKOPIES GAAN DOEN. GEBRUIK OOK ASSEBLIEF ELKE KEER U MY SCHOOL KAART AS U BY ALTECH, NETSTAR, ENGEN, WOOLWORTHS EN **ROMANS IN MADELIEFIE SENTRUM** INKOPIES DOEN.
Baie dankie aan al die ouers wat die projek ondersteun. U kan deel wees van die projek deur u Makro-kaart te koppel aan die skool. U kan dit aanlyn op hul webwerf doen of volgende keer wanneer u aankope by Makro doen by die inligtingstoonbank vra dat hul dit vir u koppel. Onthou: vriende en familie kan ook hul kaarte aan ons skool koppel.

Groete

Hettie Smith
Skoolhoof

.....

AFSKEURSTROKIE VAN OMSENDBRIEF 2/2018

Ek, _____ouer of voog van

_____ in Gr. _____/_____ neem kennis van

Omsendskrywe 2 van 2018.

Waatlemoenfees:
Aangeheg is R10 vir die waatlemoenfees van 29 Januarie. Ek gee toestemming dat my kind in Gr 4 - 7 aan die waatlemoen-smeer-fees mag deelneem: JA / NEE

Ouer/voog handtekening: _____

Graad 4 - 7 toeskouers met Wyk:
Hiermee gee ek toestemming dat my kind met die bus vervoer mag word na Gerrit Maritz Hoërskool vir die Sub-Cluster (Wyksbyeenkoms) . Ingesluit is R30.00 vir die handskoene en busgeld JA / NEE

Ouer/vooghandtekening: _____

Selnr. _____

Platinum Musiek Akademie

droom, leef, ontdek en verken jou talent

ons bied sang en klawerbord klasse aan

Ons is by Laerskool Danie Malan in Pretoria - Noord & NG Kerk Florandia
enige ouderdom welkom.

wat leer ons jou? Werking van die diafragma, Stem tegniek, Intonasie, Vertolking, Mikrofoon Tegniek, Musiek Teorie, Verhoogs Gebruik ens.

Kontak: 012 546 7311 / 082 775 3626 / 082 326 5060

ATKV

Vir 5 Jaar Ontvang Platinum Musiek die toekenning vir Bevordering van Taal en Kultuur

e-pos: bianca@platinummusiek.co.za
mj@platinummusiek.co.za

www.platinummusiek.co.za

All types of blinds
Ultrasonic Blind Cleaning
Blind repairs | Installations

(012) 335 5152/335 9482
shineablind@redcactus.co.za | www.shineablind.co.za

HOUT | BAMBOES | VENETIAN | VERTIKAAL
CUSTOM DESIGNED PRINTED BLINDS

Since 1996
Shine a BLIND Services

PROFESSIONELE TENNISAFRIGTING

TE LAERSKOOL DANIE MALAN

MAANDAG OF DINSDAGMIDDAE OP SKOOLBANE VANAF 13:45

GR R DONDERDAGOGGENDE 08:00
GR 1 TOT 3'S OP WEEKSOGGENDE VANAF 07:15 – 07:45

KONTAK

MARIETJIE VAN NIEKERK
084 442 1847

IZAK VAN NIEKERK
083 500 2584